

Diensplig-opleiding nié te straf nie

DIE SA Weermag se opleiding is nié te staf nie," het Lt genl L.A. Meyer, Hoof van Staf Personeel, gesê toe hy onlangs oor die militêre dienspligstelsel gepraat het.

Lt genl Meyer het gesê dat diensplig almal raak omdat daar feitlik nie 'n gesin in Suid-Afrika is wat nie 'n seun, eggenoot of familielid of selfs 'n vriend het wat nie op een of ander wyse met die Weermag verbind is nie.

Ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog, tot en met 1961, was die dienspligstelsel gegrond op 'n lotingstelsel waartydens lotelinge drie maande opleiding in die verskillende Weermagsdele ondergaan het, het hy gesê.

Vanaf 1962 het die dienspligstelsel 'n gedaanteverwisseling ondergaan en is dit met tyd verleng tot die huidige stelsel van 24 maande. Die verandering in die dienspligstelsel was die gevolg van die veranderde operasionele vereistes waarmee die RSA voortdurend te doen kry.

Alle manlike, blanke Suid-Afrikaanse burgers wat medies geskik is, moet militêre diensplig verrig. 'n Immigrant word ná vyf jaar outomaties 'n Suid-Afrikaanse burger en dan kom hy ook vir diensplig in aanmerking.

Dikwels word gevra waarom lede van die Bruin-, Indiër en Swart gemeenskappe nie ook diensplig doen nie. Huidiglik bepaal landswette dat slegs manlike blanke burgers tot diensplig verplig word. Lede van die ander gemeenskappe doen vrywillige diens.

Die totale omvang van die militêre verpligtinge van die blanke Suid-Afrikaanse burger is: In terme van die huidige beleid moet die jong man 'n aanvanklike periode van twee jaar diensplig doen. Daarna word hy óf na die Burgermag óf die Kommandomag oorgeplaas. In die Burgermag dien hy vir 12 jaar en in die Kommandomag 20 jaar, indien hy gebiedsgebonde verklaar sou word. Die Burgermag is hoofsaaklik 'n konvensionele mag wat saam met ons voltydse magte vir konvensionele operasies aangewend word. Die Kommandomag is hoofsaaklik vir gebiedsbeskerming verantwoordelik.

In die lig van die vredesonderhandeling word baie gevra of die dienspligtydperk nie kan verminder nie. Hier volg sommige van die redes waarom dit nie gedoen kan word nie:

- * Die onderhandelde skikplan is nog nie afgehandel nie, en 'n mens moet "versigtig optimisties" wees. Ons kan dus nie ons waaksaamheid verslap nie.
- * Die SAW bly steeds verantwoordelik vir die beskerming van ons landsgrense.
- * 'n Verkorting sal teweegbring dat daar nie genoeg junior leiers opgelei kan word nie.
- * Huidige wapentuig en tegnologie is tans van so 'n aard dat deeglike opleiding vereis word voordat mense in operasies aangewend kan word.
- * 'n In-diepte ondersoek in 1984 het aangetoon dat die huidige dienspligstelsel die goedkoopste is wat die land kan bekostig.

DIE Weermag se opleiding is nié te straf nie. Omdat ons opleiding so goed is, het ons soldate in die verlede die vyandelike magte eenvoudig oorskadu. Ons opleiding is prakties en op grond van operasionele ondervinding geskoei.

Daar is van alles wat onnodig is tydens opleiding ontslae geraak. Alles wat vandag gedoen word, het 'n doel. Liggaamlike opleiding is byvoorbeeld heeltemal wetenskaplik gefundeer. Elke oefening is ontwerp om spesifieke spiere vir bepaalde take te versterk.

Die Weermag handhaaf die land se taalbeleid, wat gelyke beregtiging vir albei landstale voorskryf.

Wat godsdienst betref, handhaaf die Weermag 'n streng beleid wat voorsiening maak vir die beoefening van godsdienst sonder enige inmenging. Daar is kapelane wat al die erkende kerk-groepe verteenwoordig.

DIE Raad vir Godsdienstbeswaardes het tot stand gekom, omdat al hoe meer landsburgers godsdienstige besware begin opper het teen diensplig. Daar is drie kategorieë waarvoor 'n persoon kan aansoek doen:

- * Nie vegtende hoedanigheid.
- * Nie vegtend en nie militêre uniform nie.
- * Algehele weiering om enige militêre diens te doen.

Die persoon word gevonnissen in ooreenstemming met die kategorie. By die hof is 'n militêre polisiekantoor waar parool aan die lid aangebied word. As die parool aanvaar word, neem die Departement van Mannekrag oor en plaas

die lid by 'n werksplek vir gemeenskapsdiens. Dit kan by enige ander staatsdepartement verrig word, behalwe by die SAP of die Gevangenisdiens.

DIE Weermag beskik oor die beste mediese dokters in die land, en ook oor die mees moderne hospitale. Indien daar die geringste twyfel bestaan oor die gezondheidstoestand van 'n dienspligtinge, word hy na mediese spesialiste verwys. Indien sy gezondheid van so 'n aard is dat hy nie sonder verdere skade aan sy gezondheid diensplig kan verrig nie, sal hy ontslaan en van enige verdere militêre diens onthef word.

TYDENS diensplig is daar ruim geleentheid om aan 'n wye verskeidenheid sportsoorte deel te neem. Die doel van sport in die SA Weermag is dan ook om eerstens top sportlui die geleentheid te bied om hul sportvermoë te ontwikkel en om te presteer. Daar word ook aan die breë massa die geleentheid gebied om aan sport deel te neem. Die minder begaafde lede neem aan bondelsport deel, wat 'n unieke eiesoortige aktiwiteit is. Dit is ook so dat sportmanne dieselfde opleidingsprogram volg as die ander dienspligtinge.

Baie maal word gevra waarom elke gegradeerde nie in sy beroepsrigting of belangstellingsveld aangewend word nie. Normaalweg is daar nie probleme met die plasing van professionele gegradeerdes nie, dws medici, regslui, rekenmeesters, ingenieurs, argitekte en so meer. Dit is by die ander meer algemene graadrigtings waar daar wel probleme ontstaan omdat hulle minder toepaslik kan wees.

EEN aspek waarvoor menige jong man wonder, is of hy eers moet studeer, of eers diensplig doen. Die Weermag het hier nie 'n persoonlike voorkeur nie, en daar word gevoel dat dit by die individue berus. Ons het gegradeerdes sowel as nie-gegradeerdes nodig. Ondersoeke deur onder meer die Randse Afrikaanse Universiteit, die Universiteit van Pretoria en die Pretoriase Technikon, het aan die lig gebring dat studente wat eers hul twee jaar diensplig voltooi het, in die algemeen 'n beter slaagsyfer behaal as studente wat nog nie militêre diens verrig het nie.

Ten laaste is daar soms die gevoel dat lede ledig is. In die rewolusionêre oorlog word die tempo van aksie in baie gevalle deur die terroriste bepaal.

Om ledigheid teen te werk, word kreatiewe opleidingsprogramme, vrytydsbestedingsprogramme, deelname aan sport, taak-diagnostiese opnames (wat enige produktiewe aanwending van mense bepaal en oorsake aandui) en produktiwiteitsverbeteringsprogramme aangebied.

Dog Centre is 'here to stay'



THE SADF Dog Centre at Bourkes Luck recently celebrated its twenty-fifth birthday.

Despite earlier fears that the base would be closed, a new air of optimism prevailed when the guest speaker, Brig B. Anderson, from Voortrekkerhoogte, confirmed the continued existence of the well known unit. He said, "Let there be no doubt, the unit is here to stay." In addition, the base is to be extended and will continue to provide the SADF with trained dogs and handlers.

The celebration was a fun-filled weekend of special exhibitions, dog shows and dinners. Highlight of the weekend was the gathering of all the base's previous commanders and RSM's. They attended a parade and the unveiling of a bronzed statue of a dog by the present OC, Cmdt K.A.O. Arnold. The statue is a tribute to eight dogs from the unit which have died in operational service.



Cmdt K.A.O. Arnold unveils the statue of the dog, in tribute to dogs that have died in service.



The Dog Centre was established on 1 April 1964, and it has a proud and colourful history. The unit buildings were originally built as a tuberculosis hospital. However, it was never occupied and now offers superb accommodation to the unit members.

The Dog Centre provides intensive top-class specialised training for both the dogs and their handlers. Deployment includes crowd control, guard duty patrols, spoor trailing, dagga and explosives detection and rescue operations.

At present, the base is situated near



This exhibition of the spoor trailing section aroused much interest.

the well known tourist attraction, the Potholes. But in days long past, it was just 400 metres away that gold had been discovered and mined.

The town claimed its name from one of the first prospectors in the area – Thomas Bourke. Bourke's luck was

anything but good, for he never found gold in the area. Locals joke that he would probably have preferred the town to be known as "Bad Luck".

Although gold is no longer mined there, ruins bear silent witness to the days of prosperity and wealth.

DIE SA Weermag kan met reg trots wees op sy mediese dienste. Daar is dus nie 'n beter manier om sy trots teenoor 1 Militêre Hospitaal en die SA Geneeskundige Diens Opleidingsentrum te toon deur aan hulle hul Nasionale kleure toe te ken nie," het lt genl D.P. Knobel, Geneesheer-generaal, gesê tydens 'n vaandelparade waar dié twee eenhede hul Nasionale Vaandel ontvang het.



1 Militêre Hospitaal en die SAGD Opleidingsentrum het tydens 'n onlangse vaandelparade by die Opleidingskollege in Voortrekkerhoogte die Nasionale Vaandel ontvang.

SAW kan op mediese dienste trots wees

Die ingebruikneming van die Nasionale Vaandel deur die SAW is verlede jaar deur die Staatspresident goedgekeur. Eërhede aan wie dié Vaandel toegeken is, toon te alle tye tydens parades die vaandel.

In sy toespraak het lt genl Knobel gesê dat die SAGD vandag gekenmerk word deur professionalisme, etiek en menslikheid aan die een kant, en militêre presiesheid en dissipline aan die ander kant.

Die SAGD Opleidingsentrum voorsien in die militêre opleidingsbehoefte deur die verskaf-

ping van basiese en vormingsopleiding aan alle nuwe lede van die SAGD. "Dit speel 'n kritieke rol in die voorbereiding van alle range

vir die militêre eise in die basiese georiënteerde dienslewingsrol."

1 Militêre Hospitaal, daarenteen, is die kroon op die professionele geneeskundige diens wat bydra tot die hoë gesondheidstatus van die Veiligheidsmagte.

"Die staat van fisiese, psigiese en maatskaplike welstand is vol-

**Deur lt Amanda Jooste
Foto's: Reenen Furter**

doende bewys van die hoë standaard van opleiding en dienslewering wat hier gehandhaaf word," het lt genl Knobel gesê.

Hy het sy toespraak afgesluit deur te sê dat wanneer iemand in die toekoms dié vaandel op die paradegrond sien, hulle moet onthou dat dit dien as maatstaf van toegevyde en uitnemende diens.



Daar word gesaluer terwyl die Volkslied gespeel word.

Waghond oor moreel van Burgermaglede

Jannie Hennop

MY liefde vir die militêre lewe het reeds met skoolkadette begin. Ek wou net met kadette presteer. Elke jaar van my hoërskoolloopbaan het ek kadetkamp bygewoon." Sô sê brig Deon Fourie wat onlangs tot die pos Direkteur Burgermag-skakeling by Leërhoofkwartier aangestel is.

Die pos het ten doel skakeling tussen Leërhoofkwartier en die werkgewers van die talle Burgermaglede dwarsdeur Suid-Afrika. Dit vereis ook skakeling met die Burgermag self om die verskeie probleme wat met deelydse militêre diens ontstaan, te probeer uitstryk. Die doel is om te verseker dat daar nie onmin tussen die deelydse soldaat en die Leër moet ontstaan nie. Die pos is ook ingestel om die Hoof van die Leër 'n raakvlak met die Burgermag te gee, dus om hom van raad oor Burgermag-sake te voorsien.

Brig Fourie se agtergrond in die SAW het hom hiervoor goed voorberei. As burgerlike het hy in die Departement Buitelandse Sake gedien, toe was hy sowat tien jaar lank in die regspraktyk en nou is hy professor in Strategiese Studies aan die Universiteit van Suid-Afrika. Daarbenewens was hy sedert hy skool verlaat het, nog altyd 'n lid van die Burgermag. Eers, in 1950, het hy hom by 2 Regiment Botha te Pietersburg aangesluit. Tydens sy diens met die Regiment was hy 'n lid van die kontingent wat in 1950 deel van die begrafnisstoet van veldmaarskalk Jan Smuts uitgemaak het. Nadat hy Natal toe verhuis het, is hy by 4 Swaarbattery, SAA, ingedeel en toe is hy na die nuutgestigte SA Korps van Mariniers oorgeplaas. Hy het in die Mariniers kommissie ontvang en met die ontbinding van die Mariniers in 1955, het hy gekies om na die SA Vloot te verhuis. Toe die Vlootburgermag se fortune 'n

daling beleef het, het brig Fourie in 1958 'n oorplasing na die Pretoria Regiment (PAO) in die pos van Inligtingsoffisier aanvaar. Daarin het hy as eskadron-bevelvoerder en as tweede in bevel gedien voordat hy Bevelvoerder geword het.

Toe die meeste BM-lede vrywilligers was, was dit ook sy ervaring dat 'n werkgewer geen salaris tydens die jaarlikse opleidingskamp betaal het nie. Dus het hy begrip vir die BM-lid wat so gestraf word en is hy ook dankbaar aan die werkgewers wat hom wel met sy tweede loopbaan bygestaan het. In dié tydperk het hy aan talle veldoefeninge deelgeneem, maar vir hom het 'n duidelike verandering in die karakter van die Burgermag gevolg op **Oefening Maremane I** in 1977, gelei deur brig Philip Schalkwyk, en veral daarna met die stigting van die Leërgevegskool.



"Tot hierdie tydstip het ons slegs die kuns om soldate te wees aan die gang gehou," sê hy. "Daarna het ons begin sien hoedat die BM begin operasionele soldate word." Nadat hy die aanstelling van Bevelvoerder in 1980 neergelê het, is hy na die SA Verdedigingskollege oorgeplaas om as 'n Burgermaglid van die Kontrolestaf te dien. In Januarie 1989 is hy bevorder en in die nuwe pos aangestel.

Brig Fourie se taak vereis nie dat hy probleme orals in die land self moet probeer oplos nie. Daar bestaan reeds poste in al die Kommandemente van



Brig Deon Fourie

Senior Stafoffisiere, Mannekragsskakeling wat deur Burgermag-kolonels bekleed word. Op hulle val die taak om met die werkgewers plaaslik te skakel, of direk of by wyse van die onderskeie komitees wat vir die doel in die Kommandemente opgerig is. Hulle is almal mense met aansien in die burgerlike nering wat hulle volg en wat indrukwekkende Burgermagloopbane gevolg het. Dus ken hulle die probleme van die soldaat vanuit die oogpunt beide van burgerlike en van langtermyn deelydse soldaat. Brig Fourie se pligte sluit in die koördinerings van hul werk, om hulle met hul pligte by te staan en om hul raad aan die Hoof van die Leër oor te dra terwyl hy die Hoof van die Leër se behoeftes aan hulle ook oordra.


Die Direkteur Burgermagskakeling is ook bygestaan deur 'n ervare verteenwoordiger van die lede van die BM wat nie offisiere is nie. Dit is die Adjudant-offisier, Burgermagskakeling, AO1 S.J.P. van Zyl, voorheen 8 Divisie se Sersant-majoor. Hy is ook iemand wat sy pad in die besigheidswêreld parallel met sy militêre loopbaan gevolg het.

Die hele span, vanaf die Direkteur Burgermagskakeling by Leërhoofkwartier tot by die onderskeie Kommandemente, bestaan om bevelvoerders op alle vlakke by te staan nie net as BM-raadgewers nie, maar ook deur om te probeer verseker dat die moreel van die Burgermag nie deur onopgeloste probleme geknak word nie.

Brig Fourie se eggenote het 'n senior betrekking in 'n rekenaarfirma. Sy oudste dogter is 'n student in die regte, die jongste is nog op hoërskool en sy seun verrig eers diensplig met die ambisie om ook in die regte te studeer.



The South African Navy recently played host to the Republic of China's Midshipmen Cruising and Training Squadron. The two destroyers and a fleet replenishment ship first stopped off at Durban on their short visit which also took them to Port Elizabeth and Cape Town, after which they returned to Durban before heading home.



The two destroyers of the Training Squadron. The SHEN YANG is in the forefront, shadowed by its sister ship, the SUEI YANG. Both were berthed at No 1 Quay in Durban.

SA Navy hosts visitors from oversea



FOUR strike craft of Number One Strike Craft Squadron escorted the three Chinese ships into Durban harbour, where a 21-gun salute from the Bluff welcomed them. While still off Durban they had fired a 21-gun salute in honour of the SA National Flag.

The task group, under the command of R Adm Wu Tze-Fong, consisted of the two destroyers, the SHEN YANG (DD-923) and

SUEI YANG (DDG-926) and the fleet replenishment vessel YU TAI (AR-521), which also served as the Flagship.


Shortly after docking, R Adm Wu Tze-Fong came ashore with nine other officers of his team and each were presented with a traditional garland of flowers by women of the local Chinese community.

Some of the main tasks of the squadron were to conduct destroyer cruising and training for the graduates of 1989, so as to combine theory with practical operation in navigation and seamanship. The trip also allowed for combined operation tactics between Navy and Marine Corps. R Adm Wu Tze-Fong also expressed their wishes to promote the relationship between our two countries and to make calls on the Chinese community in South Africa.

The Minister of Defence Gen Malan, was among the dignitaries upon whom the high-ranking officers of the squadron paid official courtesy calls.

During their visit, the ships were open for viewing by the public. Included on the Flagship was a culture display room which ex-

Laying wreaths at the Cenotaph in Port Elizabeth.



The ROCN Band at the Crusader ground in Port Elizabeth.

FLAGS and garlands welcomed a task group of three vessels from the Republic of China (ROC) Navy when they docked in Port Elizabeth harbour on Republic Day for a two day visit to the Friendly City.

Although barely sunrise, they were greeted by a large group of pupils from the Chinese High School in Port Elizabeth waving ROC flags as the first ship in the fleet, the large replenishment vessel *RCS Yu Tai*, docked at number three quay shortly before 07h00.

Immaculately dressed members of the Midshipmen Cruising and Training Squadron lined the decks on the starboard side. They included officers and members of the crew, the 1 989 graduates from the ROC Na-



One of the immaculately turned out members of the ROCN Band.

val Academy, and the Marine Section of the ROC Army Academy.

The voyage is aimed at providing destroyer cruising and training for the graduates. Accompanying them are the ROC Navy Honour Guard – all noticeably taller than the average Chinese sailor – and the Marine Tai Chuan Tao (karate) team. Instruments gleamed as the ROC Navy Band struck up some popular Chinese and Western tunes and colourful signal flags were raised in a ship dressing ceremony.

During the next hour, the *RCS SHEN YANG* and the *RCS SUEI YANG* also docked after having left Cape Town on the previous day.

Capt Nic Smit, Officer Commanding of the South African replenishment vessel *SAS DRAKENSBERG*, went on board to greet the Officer Commanding the task group, R Adm Wu Tze-Fong. Also there to meet him and Capt Wan Yin-Min, captain of the *YU SAI*, the captains of the destroyers and senior officers, was Cdr Derek Gordon-Davis, OC of PE Naval Base.

Ashore girls from the Chinese School presented the Admiral and Chinese officers with bouquets of proteas. The entourage from the

hibited examples of Chinaware, Chinese pottery, arts and crafts, stamps and computers.

The squadron consisted of a total of 1 200 men, and the range of their voyage covered about 15 360 nautical miles, over a period of 71 days.

A friendly welcome in Friendly City

ROC then proceeded to the City Hall to meet the Mayor, Mr John Vieira, and the Chief Magistrate, Mr P.J. Botha.

Around 10h30 officers of the task group and local dignitaries attended a wreath-laying ceremony at the Cenotaph. This was followed at St George's Park by a demonstration of precision marching by a drill squad accompanied by the ROCN Band. The highly entertaining Tai Chuan Tao (karate) team was also enthusiastically received by the several thousand spectators.


At noon the *SAS DRAKENSBERG* marked Republic Day with a 21-gun salute.

Long queues of people thronged the quay in the afternoon to visit the three ships. A Chinese cultural display room and the ROC stamp display were the main attractions on board the *Yu Tai*. Friendly English interpreters were on hand to help visitors better understand Chinese history and culture.

A good time was not had by all. Unfortunately, Mr Sue Shi-Chu, a sailor on one of the destroyers, was knocked over by a car after he looked the wrong way when he crossed the road. Speaking from his hospital bed with the aid of an interpreter, Mr Sue said he was used to looking to the left when crossing a road, as on Taiwan traffic keeps right.

"I went across the road and when I returned, I looked the wrong way and the car hit me," Mr Sue said. He was admitted to the PE Provincial Hospital with a fractured leg.

The unfortunate accident was the only incident to marr an otherwise extremely successful goodwill visit.



The Marine Honour Guard presents arms at the Cenotaph in Port Elizabeth.

The Marine Tai Chuan Tao team going through their paces.



WANNEER 'n mens 'n etimologiese woordeboek* raadpleeg om die herkoms van woorde na te slaan, kom 'n mens byna altyd op 'n paar interessantheide af. Woorde wat gereeld binne ons militêre opset gebruik word, is ook geen uitsondering hierop nie.



Só kan die woord **oorlog** wat een van die sentrale woorde van die militêre woordeskat is, teruggelei word na die Middelnederlandse *oorloghe* en uiteindelik na die Oud-Hoogduitse woord vir **noodlot**, naamlik *urlac*. Op sy beurt kan *urlac* weer na die woord *uzlaga* (dit wat uitgelê is) teruggevoer word. Ons Germaanse voorouers was klaarblyklik, net soos hulle twintigste-eeuse nasate vandag, soms verbyster oor die verwoestende gevolge van oorlog: Oorlog is beskou as 'n godsoordeel, met ander woorde 'n noodlot-besikking waarvoor die mens geen logiese verklaring kon vind nie.

Die mens was nog altyd geneig om dit wat vir hom nuut of raaiselagtig voorkom, toe te skryf aan die bonatuurlike. Die woord **buskruit** is 'n samestelling uit *bussen* (**gewere**) en *kruid* (**poeler**). Dit is interessant om daarop te let dat *kruid* afgelei is van *cruut*, die Middelnederlandse woord vir **towermiddel**.

Deur smn A.G. Visagie, Direkto-
raat Taaldiens

Normaalweg word daar egter 'n relatief nugter prosedure gevolg wanneer name vir nuwe uitvindings geskep moet word. 'n Bekende voorbeeld is **radar**, 'n letterwoord wat kunsmatig saamgestel is uit die Engelse term *radio detecting and ranging*. Net so is **sonar** saamgestel uit *sound navigation and ranging*. Die Amerikaner Samuel Colt, wat die rewolwer in 1828 uitgevind het, het eenvoudig besluit om aan hierdie nuwe wapen 'n naam te gee wat beskrywend is van een van sy vernaamste kenmerke, nl sy draaimagasyn (*revolving magazine*).

Woorde wat gebruik word om krygstuig mee te beskryf, is dikwels van 'n baie verrassende herkoms. Via Engels het ons die Spaanse woord *torpedo* oorgeneem om te verwys na dié spesifieke ploffprojekiel. Die Spanjaard wat die torpedo uitgevind het, het die torpedovis (sidderrog) in gedagte gehad toe hy 'n naam vir sy ontdekking gesoek het. Die sidderrog stuur 'n elektriese lading uit wat 'n verlamende effek op die mens kan hê; 'n torpedo het immers ook 'n soortgelyke negatiewe uitwerking op sy teiken!

Die gode het dit so beskik ...

DIE bajonet is nog 'n wapen wat 'n interessante naamgewingsproses deurgemaak het: die bajonet word sedert die sestiende eeu in die Franse stad Bayonne vervaardig. Die Franse het op grond hiervan die wapen na die stad van sy herkoms vernoem – *bayonnette* of *baïonnette*.

Selfs die Tsjegge het, via Duits, bygedra tot ons militêre woordeskat. Ons woord **pistool** is oorgeneem uit die Duitse woord *Pistole* wat weer afkomstig is van die Tsjeggiese woord *pist'al* (**pyp, buis** of **fluit**). Dié woord kan verder terrugevoer word na die Tsjeggiese klanknabootsende woord *piskat'* wat gebruik word om die gefluit en gepiep van voëls te beskryf.

Tsjeggies is steeds nie die vreemdste taal waaraan ons woorde ontleen het nie. Vergelyk byvoorbeeld die etimologie van die vloottitel **admi-**

raal: hierdie woord stam uit die Arabiese woorde *amara* (**beveel**) en *amir* (**bevelhebber**). In die tyd toe daar 'n besige handelsverkeer tussen Noord-Afrika en Spanje plaasgevind het, is die bevelhebber van die transporte in die gebied 'n *amir ar-rahl* genoem. Hieruit het die Franse die woord *amiral* gevorm en later is daar onder die invloed van die Latynse *admirari* (**bewonder**) 'n **d** voor die m ingevoeg (*admiral*).


DEESDAE ontleen Afrikaans die meerderheid van sy nuwe woorde aan Engels. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het die Engelse woord *tank* 'n verdere betekenis gekry, naamlik dié van **gevegsvoertuig**: in Desember 1915 is daar om sekerheidsredes aan die arbeiders wat betrokke was by die vervaardiging van tenkonderdele, gesê dat die onderdele vir petroltenks be-

stem is. Die woord *tenk* het bly vassteek en vandag word dit algemeen gebruik.

Partykeer kom 'n mens persone teë wat onder die indruk verkeer dat die woord **guerilla** iets met die harige en amper menslike inwoners van die Midde-Afrikaanse oerwoud te doen het. Die Spaanse woord vir **oorlog** is *guerra* waarvan die verkleinwoord *guerilla* (**klein oorloggie**) gevorm word. Vandag kom hierdie woord in die leksikon van 'n groot aantal tale voor en verwys dit oor die algemeen na 'n lid van 'n **ongereelde oorlogsbende**.

Militêre woorde wat na die Germaanse tale teruggelei kan word, gee vir 'n mens soms 'n beeld van hoe die ou Germaanse oorlogvoering daaruit gesien het. Die Afrikaanse woord **vaandel** het ontstaan uit *ven(d)el*, die verkleinwoord van **stryddoek** (*vaan* in Nederlands). Die Germane het blykbaar heel vroeg al 'n doek, uitgesny in die vorm van byvoorbeeld 'n draak of 'n wolf, aan 'n stok of 'n spies vasgebind voordat hulle die oorlogsterrein betree het.

Die woord **taptoe** het ook sy wortel in die Germaanse taalfamilie: dié woord is 'n samestelling van die Nederlandse *tap toe* (**kraan toe** of **maak die kraan toe**). In die Nederlandse leer is daar in die verlede 'n sinjaal geblaas om die soldate saans te laat weet wanneer daar nie meer drank "getap" mag word nie. Sodoende is daar gehoop om te verhinder dat die soldate hulle te buite gaan. Maar as 'n mens vandag



die woord **taptoe** hoor, dink 'n mens onwillekeurig aan die Durbanse Taptoe waar alkohol beslis geen rol speel nie.

Aan die woord **patrollie** heg soldate gewoonlik heelwat negatiewe konnotasies en as 'n mens kyk na die oorspronklike Franse vorm van dié woord, ontdek 'n mens dat **patrollie** (*patrouille* op Frans) nog nooit 'n besonder positiewe betekenis gehad het nie: *patrouille* is afgelei van die werkwoord *patrouiller* (**in water of modder loop**). Om in water en modder rond te plas, is

beslis geen aangename ervaring nie. Hiervoor het 'n mens ten minste 'n paar goeie waterdigte weermagstewels nodig, al is 'n mens soms maar traag om hierdie swaar en ongemaklike laarse aan te trek. In die verlede was 'n *stivel* (Middelhoogduits vir **stewel**) egter iets heeltemal anders: die woord *stivel* is afgelei van *stivale* wat beteken . . . **ligte skoelise** of **somerskoen**!

* De Vries, Jan: *Nederlands etymologisch woordenboek*. E. J. Brill, Leiden 1971.

DAKOTA SCHOOL REUNION

THE M.E. Conversion School is 21 years old in August this year. During the School's 21 years it has been known as MECW, MECU, 86 AFS and 86 MEFS.

The Grand Old Lady would like the company of all those who have served in a permanent capacity at MECW, MECU, 86 AFS and 86 MEFS, in either flying or a maintenance capacity, to join her in celebrating her coming of age.

The celebrations will take place in Bloemfontein on 19 and 20 August 1989. All those members who wish to renew old acquaintances, rekindle memories or rediscover their aeronautical roots and have the celebration on the 1989 Aviation calendar, are welcome to attend.

Those "Goonie" lovers who are interested and wish to know more about the hottest social event of the year, please phone or write to the following address: Reunion Committee; 86 MEFS; Private Bag X20608; Bloemfontein 9300; Telephone: (051) 332911 X 131/266

LUGVOORSIENING DOELTREFFENDER

Die Lugvoorsieningsfunksie in Tekbassis net buite Pretoria sal voortaan deel wees van 44 Valskerbrigade. Lugvoorsiening was altyd deel van die SA Leër Logistieke Kommandement, maar daar is besluit om dit te verander aangesien groter doeltreffendheid deur so 'n stap verkry kan word. Die taak van Lugvoorsiening is die opmaak en neerlaat van voorrade vir soldate wat in gevegsituasies verkeer. Vragvliegtuie word hiervoor ingespan. Voorraad word op hoogtes wat wissel van 10 voet tot 1 500 voet met valskerms neergelaat.

Tydens 'n geselligheid by Tekbasis het kol G. Cordier namens Logistieke Kommandement 'n trofee aan kmdt P.L. Jäckel, van Lugvoorsiening, oorhandig om die oordra van gesag te simboliseer. Op die foto is kol Cordier (links) en kmdt Jäckel



By Reenen Furter

Military Base Wonderboom recently held an open lunch with the troops for members of the Media. This invitation followed on the statement by the Chief of the South African Defence Force, Gen Jannie Geldenhuys, that the last big area to be considered for privatisation in the SADF is catering.

(• Also see page 33)

Verdict: Food is good, say the troops



Members of Military Base Wonderboom help themselves to the new cuisine prepared by civilian companies.

A trial run in privatising the catering services at five messes, all in the Pretoria area, and which provide between 15 000 and 20 000 meals a day, has been authorised and was launched at the beginning of June. Some initial problems were expected.

Because of the wide and diverse range of services required to support a Defence Force, it is compelled to concentrate on its line function and to use the private sector for those services that does not impair the Defence Force's operational capability, said Gen Geldenhuys in his statement.

This approach is reflected in the Defence Force's 1989/90 budget where only R1,872 million out of a total of R9,937 million is allocated to personnel expenditures. This implies that 81 per cent of the Defence budget is to be ex-

pected on the purchase of commodities and services.

Members of the Media were invited to share lunch with the troops and gain some honest feedback on whether privatisation was working or not.

PARATUS spoke to some of the servicemen and found the general opinion to be in favour of privatisation. The food was not much more, but definitely more tasty. Along with better preparation, the details were also well taken care of, there was always butter and jam, for example, and the meals were always hot and on time.

'Splendid record' paved way for settlement

By Lester Mills

THE South African Defence Force's splendid military record in South West Africa Namibia has paved the way for the negotiated settlement now taking place in the territory," said the Minister of Defence, Gen Magnus Malan, recently.

Speaking at the second bi-annual East Rand Military Tattoo held in Springs, Gen Malan said that in the past 21 years the Defence Force not only broke SWAPO, but also created an infrastructure which people can use for development.

"Our forces have again done their task in the certain knowledge that their strength and operational efficiency have once more underlined South Africa's role as stabiliser

and regional power on the sub-continent."

The Tattoo proved to be a big crowd puller with a number of units from Wit Command providing entertainment with silent drill displays, dog shows and dare devil motorcycle stunts.

Other guests of honour at the Tattoo were the General Officer Commanding Wit Command, Maj Gen C.P. van der Westhuizen, and the mayors of East Rand towns.

It's all action as the motorcycle team from Wit Command entertain the crowd at the East Rand Military Tattoo held in Springs recently. - (Photo: Jeremy Falcke)

Opstelwedstryd


VYF inskrywings is vir die jaarlikse SAW Penningopstelwedstryd, 1988, ontvang. Die beoordelaars het die eerste en tweede toekenning gedoen. SAWI en mnrre Parker Pen (Edms) Bpk borg die prysgeld in die vorm van geskenkbe wyse.

1. **Eerste Toekenning: SAW Penning (Silwer) en R400,00.** Toegeken aan kapt E. P. Groenewald, SAV Afdeling Beplanning, Verdedigingshoofkwartier, Pretoria vir sy opstel getiteld: **The requirements of small navies with specific reference to the RSA.** Skuilnaam: RAIDER.
2. **Tweede Toekenning: SAW Penning (Bron) en R240,00.** Toegeken aan lt C. K. Northmore, SAIK Infanterieskool, Oudtshoorn vir sy opstel getiteld: **Counter strategies for the abuse of children by revolutionaries.** Skuilnaam: NORTH.
3. **Derde Toekenning.** Geen.



A dramatic representation of the Tricolour . . . sometimes loved, sometimes hated during its history but now the proud symbol of the French people.

THE French revolution is celebrating its bi-centennial, which will climax with festivities on Bastille Day 1989. The taking of the Bastille fortress and prison in Paris on 14 July 1789 remains the symbol of the Revolution's true beginning although many important events and uprisings took place in the two years before and after this date. The Revolution is generally considered to have ended with the coup d'Etat by General Napoleon Bonaparte on 18 November 1799. Napoleon was crowned Emperor of France on 2 December 1804. In this salute to the French Armed Forces we publish extracts from the commemorative issue of the Armed Forces magazine ARMEES D'AUJOURD'HUI (Forces Today) No 138 March 1989 with the kind permission of SIRPA, the Information and Public Relations Service of the Armed Forces. The extracts selected deal with two major symbols of the French Revolution, the Tricolour or French flag and the Marseillaise, the National Anthem.



The bi-centennial of the French Revolution

THE TRICOLOUR

THE origin of the French flag is intimately linked to the idea of the nation in arms, of the citizen defending his political rights and those of his country. It is almost certain that the three colours were joined when La Fayette chose to mix the white of the French Guards who joined the revol-

utionary movement with the red and blue colours of Paris. These three colours served for a short while to symbolise the reconciliation of the Monarchy with the Revolution. In 1790 representatives of all National Guards of France were decorated with the tricolour rosette.

In a decree dated 15 February 1794 the flag was accepted in its almost defi-

nite shape inspired by a sketch by the painter J.L. David. This act can be attributed to the popularity of the Tricolour and to the fact that it had been adopted by the French Army, having flown on the battlefield of Valmy on 20 September 1792 when the Austro-Prussian invasion aimed at restoring Louis XVI to power was repelled. Since then it has flown on all battlefields.

The flag has been sometimes loved and sometimes despised and not until the war of 1914 - 1918 did the Tricolour finally become the flag of all the French people - of the Nation.

Collection Number: AG1977

END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers Research Archive

Location:- Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.